

**13 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 15:1-17:18 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Josua 15:13,14,63;  
16:10; 17:12**

### **Geloofsvertroue hou jou aan die lewe**

In hierdie hoofstukke word die verdeling van die erfdeel van die twee vernaamste stamme van Israel beskryf, naamlik van Juda en van Josef. Wanneer koning Salomo se koninkryk ná sy dood in twee skeur, verdeel dit in die Noordelike Ryk met Efraim en Manasse (seuns van Josef) as die toonaangewende stamme en die Suidelike Ryk met Juda as die vernaamste. Al die ander stamme kry eers later hul deel rondom of binne hierdie twee stamme se erfdeel.

Wanneer jy jou erfdeel in ontvangs neem, moet jy vir jou dit toe-eien – dit joune maak en verantwoordelikheid daarvoor neem. Dit beteken dat die Israeliete die vreemdelinge moes verdryf het.

Dit is interessant dat Kaleb wel daarin kon slaag om die vreemdelinge te verjaag (15:13, ev), maar Juda kon nie die Jebusiete verdryf nie (15:63). Efraim kon Geser nie skoonmaak nie (16:10) en Manasse kon ook nie die Kanaäniete verdrywe nie (17:12).

Waarom kon die bejaarde Kaleb dit wél doen en die ander nie? Die antwoord lê in Jos 14:12: "... miskien sal die Here met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos die Here gespreek het". Dit spreek van geloofsvertroue wat Kaleb alreeds gehad het toe hy veertig jaar tevore saam met Josua 'n spioen was. Met vertroue op die Here doen hy wat die Here van hom verwag en pak hy die vyand aan. Van die kinders van Josef lees ons in 17:14 dat hulle ontevrede by Josua gaan kibbel het oor die "klein erfdeeltjie" wat hulle gekry het. Hebsug is dus by hulle aanwesig en nie geloofsvertroue nie. Ons lees ook in 17:16 dat hulle bang was vir die ysterwaens van die Kanaäniete. Weereens is daar geen sprake van geloofsvertroue nie.

Geloofsvertroue hou jou aan die lewe as jy met jou Godgegewe erfdeel werk!

Sing: Psalm 46:1,6

Ds AH Stavast (Mosselbaai)